MEDICAL PROCEEDINGS

MEDIESE BYDRAES

A South African Journal for the Advancement of Medical Science

'n Suid-Afrikaanse Tydskrif vir die Bevordering van die Geneeskunde

Registered at the General Post Office as a Newspaper

By die Hoofposkantoor as Nuusblad Geregistreer

Vol. 2 · No. 9 · 5s

Johannesburg
21 Julie 1956 July 21

Jaarliks £1 : 1 : 0 Yearly

IN THIS ISSUE · IN HIERDIE UITGAWE

Index of Contents (p. vii)

Publishers: Juta and Co. Ltd. P.O. Box 1010 · Johannesburg: P.O. Box 30 · Cape Town

Uitgewers: Juta en Kie. Bpk. Posbus 1010 · Johannesburg: Posbus 30 · Kaapstad


ACTUAL SIZE
Pulvules No. 356
CO-ELORINE
(Tricyclamol Sulfate and Amobarbital, Lilly)
Lilly
Pulvules
ELORINE
SULFATE
(Tricyclamol Sulfate, Lilly)
30 mg.
Lilly

Medical Proceedings · Mediese Bydraes

Vol. 2 · No. 9 INDEX · INHOUD 21 Julie 1956 July 21

MEDICAL PROCEEDINGS

MEDIESE BYDRAES

A South African Journal for the Advancement of Medical Science

'n Suid-Afrikaanse Tydskrif vir die Bevordering van die Geneeskunde

P.O. Box 1010 · Johannesburg

Posbus 1010 · Johannesburg

Vol. 2 | 21 Julie 1956 July 21 | No. 9

REDAKSIONEEL · EDITORIAL

DIE ROOK VAN SIGARETTE EN LONGKANKER

'N STATISTIESE LOKVAL

CIGARETTE SMOKING AND LUNG CANCER

A STATISTICAL SNARE

'Perhaps in the long run it will appear that the chief usefulness of the statistical technique in methodology of science is the not unimportant one of suggesting problems and lines of attack upon problems which must finally be solved, if they ever are solved, by the application of the methods of experiment and observation . . .'— Raymond Pearl in *Science*, 23 August 1929.

Die bewering wat aanhoudend herhaal word, nl. dat die rook van sigarette die belangrikste oorsaak van longkanker is, het baie mense onder die indruk gebring dat dié bewering gestaaf en trouens onweerlegbaar is. Inderdaad, in die Verenigde Koninkryk was hierdie geloof die basis van die beroep wat op 40,000 mediese praktisyns gedoen is om deel te neem aan 'n veldtog teen hierdie openbare euwel.[1] Die huidige toestand herinner 'n mens sterk aan die godsdiensywer wat 'n kruistog kenmerk.

Die voorstanders van die mening dat die rook van sigarette karsinogenies is (ten minste vir sover dit die longe betref) is merkwaardig houtgerus oor die feit dat die hele grondslag van hul geloof suiwer statisties is. Die basiese gegewens wat deur Doll en Hill[2] versamel is, het die bal aan die rol gesit, maar die steeds toenemende krag van onbevooroordeelde gegewens is geleidelik besig om die aansprake van diegene wat met 'n hartsorg vir wêreldhervorming besiel is, te ontsenu.

Een van die belangrikste bydraes tot 'n rasionele vasstelling van die posisie word

1. *Lung Cancer and Tobacco* (1956): Brit. Med. J., **1**, 1157, 1160.
   The Star, Johannesburg, 18 Mei 1956.
2. Doll, R. en Hill, A. B. (1952): Brit. Med. J., **2**, 1271.

The constantly re-iterated claim that cigarette smoking is the most important cause of lung cancer has persuaded many that the allegation has been proved and is inconstestable. Indeed, in the United Kingdom this belief has become the basis for enjoining upon 40,000 medical practitioners the duty of participating in a campaign against a public evil.[1] The situation smacks of the religiosity of a crusade.

The protagonists of the view that cigarette smoking is carcinogenic (at least as far as the lungs are concerned) are remarkably unperturbed by the fact that the entire foundation for their belief is statistical. The basic data accumulated by Doll and Hill[2] started the hare, but the gradually accumulating force of unbiased assessment is steadily and surely demolishing the claims made by enthusiasts with a passion for reforming the world.

One of the most important contributions to a rational evaluation of the situation is provided by Berkson's penetrating analysis of the problem, published elsewhere in this issue by permission of the Section on Publications of the Mayo Clinic. Dr. Berkson is a biometrician

1. *Lung Cancer and Tobacco* (1956): Brit. Med. J., **1**, 1157, 1160.
   The Star, Johannesburg, 18 May 1956.
2. Doll, R. and Hill, A. B. (1952): Brit. Med. J., **2**, 1271.

gedoen in Berkson se insiggewende ontleding van die probleem, wat elders in hierdie uitgawe gepubliseer word met die welwillende verlof van die Publikasie-afdeling van die Mayo-kliniek. Dr. Berkson is 'n biometris en 'n mediese statistikus, en die veelvuldige vergissinge in die redeneertrant wat die bourgeoissigaret geïnkrimineer maar die plebejiese pyp en die aristokratiese sigaar vrygeskel het, word deur sy kragtige argumente aan die kaak gestel. Hy bevind dat belangrike dele van die saak waarop die argument gebaseer is

'*prima facie* bewys dat hulle onderwerp is aan 'n soort seleksie wat assosiasie in die bestudeerde gegewens tot gevolg kan hê . . . selfs al bestaan die assosiasie nie by die primêre referensie-bevolking nie.'

Hy is ook nie geïmponeer nie deur die feit

'dat die aansienlike aantal statistiese studies wat gepubliseer is, almal 'n assosiasie tussen rook en longkanker aantoon. Inteendeel, die nie-afwykende konsekwentheid van statistiese resultate wat almal dieselfde gevolgtrekking steun, is in sommige omstandighede die waarmerk van onegte statistiese korrelasie. Indien die korrelasie geproduseer word deur sommige elemente van die statistiese prosedure self, is dit byna onvermydelik dat die korrelasie sal verskyn wanneer ook al die statistiese prosedure toegepas word.'

Dit behoort alledaags te wees (maar skynbaar is dit nie) om te sê dat dinge wat toevallig verbind is 'n hoë mate van statistiese korrelasie sal toon, maar dat 'n hoë mate van korrelasie tussen twee dinge wat bestudeer word, nie noodwendig 'n toevallige verband tussen hulle weerspieël nie. Ochsner se verslag[3] oor wat Evarts Graham in 1951 aan hom gesê is, is in hierdie verband van pertinente belang:

'Ja, daar is 'n parallelisme tussen die verhoogde voorkoms van bronchiogeniese karsinoom en die verkoop van sigarette; maar daar is ook 'n parallelisme tussen die vermeerderde voorkoms van bronchiogeniese karsinoom en die verkoop van nylonkouse.'

Rigdon en Kirchoff[4] word deur die kanker-en-rook-situasie herinner aan 'n spotprent wat onlangs in die *Saturday Evening Post* verskyn en die volgende onderskrif gehad het:

'Die buro kan nie verduidelik waarom die 4-persent-vermeerdering in die aantal huwelike in Arkansas in 1951 vergesel gegaan het van 'n dergelike vermeerdering in die verkoop van haelgeweerpatrone nie.'

'n Hoë mate van statistiese korrelasie toon bloot *prima facie* aan dat verdere ondersoek ingestel behoort te word, want statistieke het beperkinge wat nie oorskry kan word deur Procrustes-middele om antwoorde te vind wat

3. Ochsner, A. (1951): Harlem Hosp. Bull., **4**, 39 [Aangehaal deur (4)].
4. Rigdon, R. H. en Kirchoff, H. (1953): Texas Rep. Biol. Med., **11**, 715.

and a medical statistician, and his cogent arguments expose the multitudinous errors that infest the chain of reasoning which has incriminated the bourgeois cigarette, whilst exonerating the plebeian pipe and the aristocratic cigar. He finds that important parts of the case on which the argument is based exhibit

'*prima facie* evidence that they have been subjected to a kind of selection which can produce association in the data studied . . . even if the association does not exist in the primary reference population'.

Nor is he impressed by the fact that

'the considerable number of statistical studies published all agree in showing an association between smoking and cancer of the lungs. On the contrary, undeviating consistency of statistical results all in support of the same conclusion is in some circumstances the hallmark of spurious statistical correlation. If correlation is produced by some elements of the statistical procedure itself, it is almost inevitable that the correlation will appear whenever the statistical procedure is used'.

It should be (but apparently it is not) trite to say that things which are causally connected will show a high degree of correlation statistically, but that a high degree of correlation between two things studied does not necessarily reflect a causal relationship between them. Ochsner's report[3] of what Evarts Graham said to him in 1951 is very pertinent in this connexion:

'Yes, there is a parallelism between the increased incidence of bronchiogenic carcinoma and the sale of cigarettes; but also there is a parallelism between the increased incidence of bronchiogenic carcinoma and the sale of nylon stockings'.

Rigdon and Kirchoff[4] are reminded by the cancer-and-smoking situation of a recent cartoon in the *Saturday Evening Post* which stated:

'The bureau is unable to tell us how come the 4 per cent increase in marriages in Arkansas in 1951 is also matched by the increase in the sale of shotgun shells'.

A high degree of statistical correlation merely make out a *prima facie* case for further investigation, for statistics have limitations which cannot be transgressed by Procrustean devices to yield answers which only other methods of investigation can supply. These limitations are well borne out by another illuminating example from Dr. Berkson's paper:

'If . . . there is a positive correlation between stature and weight, then it is a descriptive fact that tall individuals in that population are on the average heavier than short individuals. But there is no concluding even here that there is a necessary

3. Ochsner, A. (1951): Harlem Hosp. Bull., **4**, 39 [Quoted by (4)].
4. Rigdon, R. H. and Kirchoff, H. (1953): Texas Rep. Biol. Med., **11**, 715.

slegs deur ander ondersoekmetodes opgelewer kan word nie. Hierdie beperkinge word pragtig toegelig deur 'n verdere insiggewende aanhaling uit dr. Berkson se referaat:

‚Indien . . . daar 'n positiewe korrelasie tussen lengte en gewig is, dan is dit die beskrywende feit dat lang mense in die bevolking oor die algemeen swaarder as kort mense is. Maar selfs hier kan daar nie tot die gevolgtrekking geraak word dat daar 'n noodwendige biologiese verband tussen lengte en gewig is nie; ons weet, byvoorbeeld, nie of die korrelasie nog sal bestaan as die bevolking op 'n heeltemal ander dieet geplaas word nie.'

In hierdie sake kan ons nie die plig ontwyk om te bewys dat daar 'n oorsaak-en-gevolgverband is nie. In die geval van rook en longkanker is dit beslis nie gedoen nie.

In die huidige geskil kan die saak wat deur die statistikusse gestel is, alleen deur biologiese eksperimente getoets word. Dit is klaarblyklik 'n baie ingewikkelde taak, die moeilikhede waarvan egter nie die voorbarige akrobatiese sprong tot die etiologiese gevolgtrekkinge waarop ons vergas is, regverdig nie.

'n Aktiewe opvoedkundige veldtog om teen die rook van sigarette te waarsku (soos Berkson heeltemal tereg aandui) staan skynbaar nie op vaste pote nie wanneer 'n ondersoek van die gegewens aan die lig bring dat die sterftesyfer ten gevolge van kanker onder sigaretrokers gelyk staan aan, of laer is as die ooreenstemmende syfer onder die algemene publiek, en dat die globale sterftesyfer van eersgenoemde groep ook laer is.[5]

Die saak teen 'n toevallige verband tussen die rook van sigarette en longkanker berus op veel meer as misleidende statistiese assosiasies. Die ondersoek is ook verdag weens die heeltemal subjektiewe aard van die gegewens in verband met die hoeveelheid tabak wat gerook word.

Die buitengewone feilbaarheid van die mens se geheue vir navorsingsdoeleindes word toegelig deur die menslike maandstondsiklus. Die meeste vrouens is oortuig daarvan dat hulle die begin van hul maandstonde met akkuraatheid kan voorspel. Hierdie aanspraak is nie verrassend nie, want dit is 'n opvallende verskynsel waaraan daar soveel sosiale ongerief verbonde is dat 'n mens by die eerste oogopslag geneig sou wees om te sê dat dit iets is wat 'n vrou nie sommer maklik sal vergeet nie. Maar as sy boek hou, ‚ontdek sy baie gou dat haar maandstonde nie verskyn met die presiesheid wat sy verwag het nie.'[6] Hierdie feit is deur uitgebreide navrae so deeglik bevestig dat dit

5. Berkson, J. (1956): Proc. Staff Meet. Mayo Clin., **10,** 338-339.
6. Hartman, C. G. (1936): *Time of Ovulation in Women,* bl. 63. Londen: Bailliére, Tindall and Cox.

biologic relation between stature and weight; we do not know for instance that the correlation would exist if the population were placed on a different diet'.

In these matters we cannot escape the duty of proving a cause and effect relationship. In the case of smoking and lung cancer this has certainly not been done.

In the present controversy the case made out by the statisticians can only be tested by biological experiment, obviously a very complex task, the difficulty of undertaking which does not justify the premature acrobatic jump to aetiological conclusions to which we have been treated.

An active educational campaign to warn against cigarette smoking (as Berkson points out) seems poorly founded when an examination of the data discloses that cigarette smokers enjoy death rates from cancer equal to or lower than what the general public is experiencing, and that their over-all death rate is also lower.[5]

The case against a causal connexion between cigarette smoking and lung cancer rests on much more than fallacious statistical associations. The investigation is suspect also because of the entirely subjective nature of the data about the amount smoked.

The extreme fallibility of the human memory for research purposes can be illustrated by the human menstrual cycle. Most women are convinced that they can predict the onset of their periods with accuracy. This claim is not surprising, since it is a striking enough phenomenon, with sufficient social inconvenience attached to it to make it appear at first sight as something no woman will reasonably forget about. But when she keeps a calendar 'she soon finds her periods do not appear with the precision she had expected'.[6] This fact has now been established thoroughly by such extensive inquiries that it has led to Fraenkel's dictum: 'The only regularity about the menses is their irregularity.'

In so far as the recollections of the participants in the statistical inquiry can be checked independently and objectively, these recollections are not confirmed. The tobacco consumption figures in Australia (1949-1951) averaged 4.7 to 4.99 lb. per head, compared with the United Kingdom figure of about 5 lb. per head; but in Australia, e.g. in the age group 45-54 years, the incidence of lung cancer was 133 per million as against 555 in the United

5. Berkson, J. (1955): Proc. Staff Meet. Mayo Clin., **30,** 338-339.
6. Hartman, C. G. (1936): *Time of Ovulation in Women,* p. 63. London: Bailliére, Tindall and Cox.

aanleiding gegee het tot Fraenkel se uitspraak: ‚Die enigste reëlmatigheid in verband met die maandstonde is hul onreëlmatigheid.'

Vir sover die herinneringe van die deelnemers aan die statistiese ondersoek op 'n onafhanklike en objektiewe manier gekontroleer kon word, is hierdie herinneringe nie bevestig nie. Die syfers in verband met die verbruik van tabak in Australië vir die jare 1949 tot 1951 was gemiddeld 4.7 tot 4.99 pond per persoon, in vergelyking met die Verenigde Koninkryk se syfer van omtrent 5 pond per persoon; maar in Australië, bv. in die ouderdomsgroep 45-54 jaar, was daar 133 gevalle van longkanker per miljoen teenoor 555 in die Verenigde Koninkryk (1940-1945), en in die ouderdomsgroep 55-64 jaar het die Australiërs 305 gevalle per miljoen gehad in vergelyking met die Verenigde Koninkryk se syfer van 1,116 per miljoen. In Idaho is 2,003 belasting-betaalde sigarette per persoon verkoop, terwyl die sterftesyfer aan longkanker slegs 2.9 was; maar in New York is 2,319 belasting-betaalde sigarette per persoon verkoop, en die sterftesyfer ten gevolge van longkanker was 11.9. Die sterftesyfer ten gevolge van kanker het, met ander woorde, met 400% toegeneem hoewel daar in New York ongeveer net soveel sigarette per persoon as in Idaho verkoop is.[7] Hierdie vergelykende studies toon duidelik aan dat daar geen korrelasie is tussen die hoeveelheid sigarette wat gerook word en die aantal longkanker-sterfgevalle in verskillende dele van die wêreld nie.

Maar selfs al neem ons ook aan dat daar 'n ware vermeerdering in die aantal gevalle van longkanker in die afgelope paar dekades was, moet dit miskien aan ander belangrike oorsake toegeskryf word. Wright van Cardiff het 160 muise 18 maande lank (d.w.s. gedurende die helfte van hul lewe) aan sigaretrook blootgestel. Die ‚rokende' muise het in werklikheid langer as die ‚nie-rokende' muise gelewe. In soverre statistiese teorie dus aan eksperimentele bewyse onderwerp is, ontstaan die suggestie dat die vermoedelike karsinogeniese inasemmiddel bes moontlik nie met die rook van sigarette geassosieer is nie. Dit stem ooreen met die Britse waarnemings, nl. dat daar geen verband is tussen die inaseming van sigaretrook en die ontstaan van longkanker nie.

Hierdie waarneming is beslis afwykend met die oog op die aanspraak dat die moontlikheid dat u aan longkanker sal sterf in regstreekse verhouding staan tot die hoeveelheid tabak wat u rook. Die hipotese berus op die veronderstelling dat daar 'n karsinogenieseinasemmiddel

7. Rigdon, R. H. en Kirchoff, H. (1952): Texas Rep. Biol. Med., **10,** 76.

Kingdom (1940-1945), and in the 55-64 years age group, the Australians had 305 cases per million as against the United Kingdom figure of 1,116 per million. In Idaho 2,003 tax-paid cigarettes were sold per person, while the lung cancer death rate was only 2.9; but in New York there were 2,319 tax-paid cigarettes sold per person and the lung cancer death rate was 11.9. The cancer death rate, therefore, increased 4 times although the number of cigarettes sold per person was about the same in New York and Idaho.[7] These comparative studies establish clearly that there is no correlation between the amount smoked and the number of deaths from lung cancer in different parts of the world.

Even on the assumption that there has been a true increase in lung cancer in recent decades, there are other potent causes which might be operating. Wright of Cardiff exposed 160 mice for 18 months to cigarette smoke (i.e. for half their life span). The 'smoking' mice actually lived longer than the 'non-smoking' mice. In so far as statistical theory has therefore been put to experimental proof, the suggestion arises that the presumed carcinogenic inhalant may well not be associated with cigarette smoking. This is in conformity with the British observations that inhalation of cigarette smoke was unrelated to the production of lung cancer.[2]

This observation is crucially anomalous in view of the claim that the risk of dying from lung cancer is directly proportional to the amount smoked. The hypothesis rests on the assumption that there is a carcinogenic inhalant in cigarette smoke which produces lung cancer. It is therefore an inescapable inference that the incidence of this disease should be greater in inhalers than in non-inhalers. The failure of the extensive British investigation to substantiate this point exposes what must be regarded as a contradiction fatal to the hypothesis which postulates a connexion between cigarette smoking and lung cancer.

Carcinogens extracted from cigarette tobacco smoke have been used experimentally to produce skin cancers on the shaved backs of mice, but not carcinomata in the lungs of Man. In any event, the circumstances of the rodent experiment are not comparable with those in which Man presumably acquires lung cancer. Mouse skin cancer bears no relationship to human cancer and although these experiments are interesting they throw little, if any, light on the human problem. The lungs and the skin have different embryological origins and it cannot be assumed that they will react in

7. Rigdon, R. H. and Kirchoff, H. (1952): Texas Rep. Biol. Med., **10,** 76.

in sigaretrook is wat longkanker veroorsaak. Die gevolgtrekking dat daar meer gevalle van hierdie siekte sal voorkom onder die mense wat die rook inasem as onder die mense wat dit nie doen nie, is dus ewe onvermybaar. Die mislukking van die uitgebreide Britse ondersoek om hierdie punt te staaf, bring dus iets aan die lig wat noodlottig is vir die hipotese wat 'n verband tussen die rook van sigarette en longkanker postuleer.

Karsinogene wat uit die rook van sigarettabak gehaal is, is gebruik om velkanker te produseer op die geskeerde rûe van muise, maar nie karsinomata in die longe van die mens nie. In elk geval, die omstandighede verbonde aan die knaagdiereksperiment kan nie vergelyk word met dié waaronder die mens kwansuis longkanker opdoen nie. Daar is geen verband tussen velkanker by muise en kanker by die mens nie, en hoewel hierdie proefnemings interessant is, werp hulle min indien enige lig op die menslike probleem. Die longe en die vel is van verskillende embriologiese oorsprong, en daar kan nie aangeneem word dat hulle op dieselfde manier op dieselfde prikkelmiddel sal reageer nie. Temeer, velkanker by muise word teweeggebring met behulp van hoogs gekonsentreerde teeruittreksels wat aan die vel aangewend word gedurende die helfte van die leeftyd van die proefdier, en in hoeveelhede en op 'n manier wat nooit voorkom in die longe van 'n sigaretroker nie, selfs al asem hy ook die rook in. Hierdie tydperk van ‚die helfte van die lewe' is deur sommige ondersoekers aangegryp as 'n analogie vir die menslike probleem, en daar word aan die hand gedoen dat die mens ook 'n halwe leeftyd lank moet rook voordat longkanker ontstaan. Hierdie redeneertrant is natuurlik geheel en al misleidend, want nadat die roker 30 jaar lank gerook het, bereik hy onvermydelik die ouderdom waar hy vatbaar vir alle soorte kanker is, of dit nou al in verband staan met die rookgewoonte al dan nie.

'n Ander basiese veronderstelling in die argument is dat daar 'n ware toename in die voorkoms van longkanker in die afgelope paar dekades was. Die statistiese argument berus natuurlik nie op hierdie veronderstelling nie, maar as dit gestaaf kan word, sou dit 'n belangrike hulpargument wees. Rigdon, Kirchoff en Martin[8] wat hierdie aspek van die probleem onlangs weer hersien het, het tot die gevolgtrekking geraak

‚dat die aantal sterfgevalle ten gevolge van longkanker in iedere distrik in verband staan met die aantal geneeshere en die aantal hospitaalbeddens in daardie distrik. Beter diagnose is derhalwe 'n betekenisvolle faktor wat betref die toename in die frekwensie van longkanker.'

Diegene wat bereid is om te glo aan die argument wat ontleen is aan die manipulasie van syfers was miskien die slagoffers van 'n onbewuste numerieke goëltoertjie, want geeneen van die statistiese ondersoeke het die opvallende seldsaamheid van longkanker in plattelandse gemeenskappe verduidelik nie. Afgesien van probleme wat deur verhoogde langlewendheid van die bevolking geskep word, is daar ook die moontlikheid van 'n lugbesmettingsmiddel afkomstig van geteerde paaie, die verbranding van petrol en olie, en die rookprodukte afkomstig van fabrieke wat in die stedelike gebiede gekonsentreer is. Dit kan ons bes moontlik veel gouer op die

8. Rigdon, R. H., Kirchoff, H. en Martin, N. (1955): Texas Rep. Biol. Med., **13,** 162.

the same way to the same irritant. Moreover, skin cancers in mice are produced with highly concentrated tar extracts applied to the skin for half the life span of the experimental animal in a quantity and a manner which never occurs in the lungs of a cigarette smoker, even if he is an inhaler. This period of 'half the life span' has been seized upon by some investigators as an analogy for the human problem, it being suggested that smoking habits must also go on for half a lifetime in Man before lung cancer is produced. This reasoning is, of course, utterly fallacious since after smoking for 30 years, the smoker inevitably reaches an age at which he is vulnerable to cancer of any kind, whether it is connected with smoking or not.

Another basic assumption in the argument is that there has been a true increase in the incidence of lung cancer in recent decades. The statistical argument does not, of course, rest on this assumption, but if it were true, it might be an important ancillary argument. Rigdon, Kirchoff and Martin[8] have recently once again reviewed this aspect of the problem and have concluded that

'the number of deaths from cancer of the lung in each county is related to the number of doctors and the number of hospital beds in the county. Better diagnosis, therefore, is a significant factor in the increase in the frequency of cancer of the lung'.

Those who have accepted the argument derived from the manipulation of numbers may have been the victims of an unconscious numerical sleight of hand, because none of the statistical investigations has explained the extraordinary infrequency of lung cancer in rural communities. Apart from problems created by increased longevity of the population, there is the possibility of an air pollutant derived from tarred roads, the combustion of petrol and oils and the smoky products of factories concentrated in urban areas. This may well provide a more fruitful guide to the carcinogenic inhalant which is sought to be incriminated. It should not be forgotten that the number of lung cancer deaths in English towns has been observed to increase in proportion to the number of chimneys per acre in the town studied, and that 6 tons of tarry material fall on each square mile of Manhattan every year. Argyll Campbell[9] observed an increase in the

8. Rigdon, R. H., Kirchoff, H. and Martin, N. (1955): Texas Rep. Biol. Med., **13,** 162.

9. Ogilvie, R. F. (1951): *Pathological Histology,* 4th ed., p. 141. Edinburgh: E. and S. Livingstone, Ltd.

spoor bring van die karsinogeniese inasemmiddel wat vermoedelik aangekla moet word. Daar moet ook nie vergeet word nie dat die aantal sterfgevalle ten gevolge van longkanker soos in Engelse dorpe waargeneem, toegeneem het in verhouding tot die aantal skoorstene per morg in die dorp wat bestudeer is, en dat 6 ton teeragtige stof iedere jaar op elke vierkante myl van Manhattan uitsak. Argyll Campbell[9] het opgemerk dat die longgewassyfer van 8% tot 80% toegeneem het by muise wat gedwing is om padstof bevattende 2% teer oor 'n lang tydperk in te asem.

Daar steek veel meer in die probleem van longkanker as die oor-vereenvoudigde, ongeoorloofde en verkeerde verduideliking dat dit aan die rook van sigarette te wyte is. Die lokvalle in die weg van diegene wat deur syfers gemesmeriseer word, word pragtig toegelig deur die ondersoek wat deur Doll en Hill[2] ingestel is. Onder hul kontrole-persone was daar in werklikheid meer sonder longkanker (83.3%) as met longkanker (75%) in die groep wat tot 24 sigarette per dag gerook het. Die duidelike gevolgtrekking wat aan die hand van hierdie feit gemaak kan word, is dat middelmatige rookgewoontes in werklikheid 'n meer algemene verskynsel is by persone *sonder* longkanker. Aan die hand van hierdie gegewens sou ons geregtig wees om te argumenteer dat 'n mens tot 24 sigarette per dag kan rook met al die straffeloosheid (en immuniteit) van 'n sigaar- of pyproker. Ons sou selfs geregtig wees om 'n slagspreuk te ontwerp wat min of meer soos volg lui: ‚Hou longkanker op 'n afstand deur 'n pakkie per dag te rook.'

MAN BYT HOND

As ons die begryplike antroposentriese benadering tot hierdie geskil verwerp, kan daar oorweging verleen word aan 'n interessante en insiggewende proefneming wat onlangs op die Filippynse Eilande gedoen is.[10] Garcia (van die Manila Central University) het sap, afkomstig van menslike longkanker, aan die blare van tabakplante gesmeer. Die blare het verwelk en het die slagoffers van uitbreidende nekrotiese letsels geword! Aan die hand van hierdie studie van wederkerige patologie het Garcia tot die gevolgtrekking geraak dat die rook van tabak onskadelik en veilig is, maar dat die kou van tabak nadelige gevolge kan hê. Sy proefnemings vereis natuurlik onafhanklike bevestiging, maar by die behoorlike oorweging van die beskikbare getuienis skyn dit asof Berkson se sorgvuldig oorwoë gevolgtrekking beaam moet word, nl.

„. . . Ek glo nie dat aan die hand van die statistiese studies wat tot dusver onderneem is, ons beslis tot die gevolgtrekking kan geraak dat die rookgewoonte kanker veroorsaak of selfs daarmee „geassosieer" is nie . . . ons is nie geregtig om te konkludeer . . . dat 'n betekenisvolle verband (tussen rook en longkanker) reeds bo alle twyfel bewys is nie. Nog minder glo ek dat die teweegbrengende oorsaak vasgestel is. Ek meen dat daar nie genoeg aandag bestee is aan die moontlikheid dat seleksie die bron van die waargenome assosiasie is nie, dat veel meer werk gedoen sal moet word, en dat meer tyd toegestaan sal moet word vir die waardebepaling van daardie werk, voordat 'n verantwoordelike, definitiewe mening uitgespreek kan word oor die presiese betekenis van die bevindings.'

9. Ogilvie, R. F. (1951): *Pathological Histology*, 4e uitgawe, bl. 141. Edinburgh: E. and S. Livingstone, Ltd.
10. Garcia, E. Y. (1955): MD Journal, **4**, 18.

lung tumour rate from 8% to 80% in mice subjected to the prolonged inhalation of road dust with a 2% content of tar.

There is much more to the problem of lung cancer than the over-simplified, unwarranted and erroneous explanation that it is due to cigarette smoking. The pitfalls that beset those who are mesmerized by numbers are well illustrated by Doll and Hill's investigation.[2] Their controls actually contained more subjects without lung cancer (83.3%) than with lung cancer (75%) in the smoking range up to 24 cigarettes per day. The clear inference from this fact is that moderate smoking is actually commoner in persons *without* lung cancer. On these data we would be entitled to argue that smoking could be indulged in up to 24 cigarettes a day with the impunity (and the immunity) of a cigar or a pipe smoker. We would even be justified in coining the slogan: *A packet a day keeps lung cancer away!*

MAN BITES DOG

If the understandably anthropocentric approach to this controversy is discarded, a recent interesting and instructive experiment conducted in the Philippines can be admitted for consideration.[10] Garcia (of the Manila Central University) smeared the juice expressed from human lung cancers on to the leaves of tobacco plants. These leaves wilted and became the victims of spreading necrotic lesions! From this study in reciprocal pathology Garcia concluded that tobacco smoking was harmless and safe but that tobacco chewing might be injurious. His experiments, of course, need independent verification but there seems little doubt on a proper assessment of the available evidence that Berkson's carefully considered conclusion must be endorsed, viz.

'. . . I do not believe that from the statistical study so far accomplished one can conclude definitely that smoking causes cancer or even that it is "associated" with it . . . it is unwarranted to conclude . . . that a meaningful association has already been proved beyond doubt (between smoking and lung cancer). Much less do I believe that causation has been established. I think that the possibility that selection is the source of the observed association has not been given sufficient weight, and that much more work must be done, and time allowed for its evaluation, before a responsible definite opinion can be had as to the precise significance of the findings'.

10. Garcia, E. Y. (1955): MD Journal, **4**, 18.

VACCINATION AGAINST POLIOMYELITIS

RECENT DEVELOPMENTS

JAMES GEAR, M.B., CH.B.

Poliomyelitis Research Foundation, Johannesburg

It is now over one year since the results of the vast field experiment undertaken in the United States to test the value of a formalin-inactivated poliomyelitis vaccine, prepared according to methods prescribed by Dr. Jonas Salk, were announced by Dr. Francis, head of the evaluation committee. During this time vaccine has been administered on a large scale in the United States of America, Canada and Denmark, and on a more limited scale in South Africa. It is therefore opportune to consider the experiences of the use of the vaccine in these countries, especially as in the future this type of vaccine will become more generally available and medical practitioners will have to decide whether to advise its administration to the children in their care.

UNITED STATES OF AMERICA

Vaccine has been used in the United States on a much greater scale than in any other country. The observations made during the last year have been reported in great detail in a document issued by the United States Public Health Service, the *Progress Report on the Vaccination Program,* released on 24 January 1956. It will be recalled that as a direct result of the field trials with the Salk vaccine carried out by the National Foundation for Infantile Paralysis and in anticipation of a favourable report by the Francis Evaluation Committee, stocks of vaccine tested by the manufacturers were already on hand and the national programme of poliomyelitis vaccination got under way within 2 days after the issue of this report on 12 April 1955.

On 26 April 5 cases of paralytic poliomyelitis were reported in children who had been vaccinated with vaccine produced by the Cutter Laboratories. The following day this company was requested to withdraw its product and thereupon notified its distributors to recover all the vaccine. By 30 April 17 cases of paralytic poliomyelitis had been reported among children injected with the Cutter vaccine and on 8 May the Surgeon General recommended the suspension of the vaccination programme until each manufacturing plant had been visited and its records and procedures inspected. As a result of these visits by officials, vaccine prepared by 2 large companies in the United States was re-cleared for use. An intensive study was made of the Cutter manufacturing plant, its protocols and records, and the completed product, in an effort to determine the cause of the problem. The report of the study was issued on 25 August 1955.

Since the *Minimum Requirements* for poliomyelitis vaccine were first issued on 12 April 1955 by the United States Public Health Service, they have been amended several times. As they are of particular interest to us in South Africa, because our own regulations are based on them, these will be noted. The first amendment to the minimum requirement regulations was concerned with the technical interpretation of the potency requirements. The second amendment, issued on 26 May, imposed more rigid methods of safety testing. These changes in testing procedures required larger volumes of material. A third amendment suggested a new monkey test evolved with the co-operation of various laboratories within the Division of Biological Standards. A fourth amendment insisted on filtration steps designed to remove particulate matter from single strain pools before and during the process of inactivation, and allowed for the use of supplementary inactivation processes. This amendment also introduced modification of the monkey test which emerged from experience since its introduction on 10 September.

The administrative arrangements made to survey the results of the vaccination campaign are also of interest. On 28 April the Surgeon General established the *National Poliomyelitis Surveillance Program* with headquarters at the Public Health Service Communicable Diseases Center in Atlanta, Georgia. The first concern of the Poliomyelitis Surveillance Unit was to evaluate the significance of the cases of poliomyelitis which were occurring among Cutter-vaccinated children and their contacts. Certain characteristics of these cases became evident.

i. There was a concentration in certain geographic areas.

ii. The association with particular lots of vaccine.

iii. The grouping of the onset of most of the cases with appropriate incubation periods following inoculation.

iv. The correlation between the site of inoculation and the site of first paralysis in the majority of vaccinated cases.

Because of these characteristics it was concluded that the development of the disease in some of these patients was the result of the presence in infective amounts of live poliomyelitis virus in some of the lots of vaccine distributed by the Cutter laboratories. Laboratory studies have since supported this conclusion.

Since the revision of safety standards in May 1955, there has been no epidemiological evidence that any lot of vaccine of any manufacturer has been unsafe. Since 13 May all lots of vaccine have been released under revised safety standards. Epidemiological surveillance for possible untoward incidents has been constantly maintained. All States and Territories report on a weekly basis the cases of poliomyelitis which occur among vaccinated children. These are tabulated by lot number so that individual cases associated with the same lot, but occurring in different States, would be promptly recognized. Special attention is directed towards cases which occur at an interval of 4-14 days after inoculation and to paralytic cases showing first paralysis at the site of inoculation. Essential data on each vaccinated case are made available to health authorities. The cases of poliomyelitis reported in vaccinated persons since 1 July have shown certain distinctive characteristics. Over three fourths have been reported as non-paralytic. Most have occurred more than 30 days after vaccination. Those few occurring in the interval 4-14 days did not exceed the normal expectancy of coincidence. Among the relatively infrequent paralytic cases, instances with first paralysis occurring within this interval at the site of inoculation have been rare. Thus, from an epidemiological viewpoint, there is no evidence that use of vaccine has caused poliomyelitis since the adoption of the new safety standards.

Special studies on the effectiveness of the vaccine have also been arranged and the preliminary reports indicate encouraging results even with only one injection of the vaccine. From a study of the reports received from 11 States and one city, it is apparent that the vaccine is of definite value in preventing paralytic poliomyelitis. There is a marked difference between the attack rates for the vaccinated and unvaccinated groups. For paralytic cases the rates are from 2 to more than 5 times greater in the unvaccinated than in the vaccinated groups. The total paralytic rate of the 12 areas combined was 4 times greater in the unvaccinated than the vaccinated group. In the non-paralytic cases no differences were observed in some States; the rate in others for the unvaccinated were 2 or more times greater. The total of children vaccinated in these 11 States was about 2,334,000 compared with some 2,362,000 in the unvaccinated group. Amongst the vaccinated children there were 75 cases of paralytic poliomyelitis compared with 313 cases in the unvaccinated group. Of particular interest are the figures from New York City where, amongst 166,000 vaccinated children, there were 9 cases of paralytic poliomyelitis compared with 19 amongst 87,000 unvaccinated children in the same age group, giving paralytic rates per 100,000 of 5.4 for the vaccinated children and 21.8 for the unvaccinated children. The report concludes by saying that the findings support the conclusion that the vaccine is safe and effective.

The supply, distribution and use of poliomyelitis vaccine is considered in detail, and it is noted that the large-scale production of any new biological product presents initial technical problems which can only be solved through experience and that the problems inherent in the production of this type of vaccine are among the most complex in the field of large-scale biological preparations. It was recognized early that the demand for the vaccine would probably exceed the supply for a number of months. On 14 April the President directed the Secretary of the Department of Health, Education and Welfare, to report to him on the best means of assuring an equitable distribution of the vaccine. The first objective of the Federal Government, after the success of the field trials was announced on 12 April 1955, was to ensure a rapid completion of the National Foundation programme. Finally, this was limited to the purchase of enough vaccine, i.e. of 18,000,000 c.c. for 2 injections for all first and second grade children and for all the participants in the field trials who had received placebo injections. By 13 December 1955 approximately 13,500,000 c.c. of vaccine had been released to the National Foundation. One of the first steps in considering the problem of distributing the vaccine on an equitable basis was the setting up of the National Advisory Committee on poliomyelitis vaccine. The functions of this committee were to make recommendations to the department concerning (1) the best means of ensuring an equitable distribution of the vaccine; (2) the age groups which should be given priority because of their greater susceptibility to poliomyelitis; and (3) broad problems which relate to the distribution and the use of the vaccine. The Committee is composed of representatives of the medical and pharmaceutical professions, the Public Health Administration and the general public.

